

30 Junie

Skrifgedeelte: 2 Timoteus 1:3-14

Fokusgedeelte: 2 Timoteus 1:7

Swaarmoedig oor die toekoms

Ons het skaars herstel van ons vrees oor ons sondes van gister, dan kyk ons direk weer met vrees en angs teen die toekoms vas. Gesondheid slaan net so om in siekte; geleenthede swaai om in verleenthede. Hoe gaan ons en ons kinders oorleef? Timoteus, die jong dominee van Efese aan wie Paulus hier skryf, was 'n skugter mens, gevoelig vir struikelblokke. Hoe sal hy die gemeente verder kan lei noudat Paulus nie meer daar nie?

Paulus weet al is Timoteus 'n wedergeborene gaan dit nie sy temperament, of sy uitkyk op die lewe verander nie. Kennis van sy eie vermoëns en 'n greep op God se beloftes sal hom egter in staat stel om met krag te gaan werk. Timoteus het 'n kragtige geloofsgrondslag wat hy met sy opvoeding ontvang het. Hy is twee maal die hande opgelê as simboliese daad van die Gees wat oor hom gekom het. Hy het die Gees in Hom, maar dit is soos 'n kool vuur wat al dof geword het van aangepakte as. Timoteus moet die nuttelose vrese soos as 'n keer wegblaas en hy sal ontdek dat die Gees wat God ons gegee het, ons immers nie lafhartig maak nie. Hy vul ons met krag, liefde en selfbeheersing. Die Gees gebruik elke mens soos hy is.

Glo in God en die Gees sal met sy krag saam met jou deur jou oë kyk na more se gevare. Met Hom by jou lyk die onbekende nie meer so skrikwekkend nie. Kyk, dit is Hy wat jou brein kragtig begin beheer en jou wysheid gee om goeie besluite te neem. Jy sal begin agterkom jy leef al meer volgens God se wil. Timoteus, gaan doen jou ampswerk getrou en beleef dat dit sy krag is wat in jou hande is.

Sing: Psalm 7:6 Dr JL Venter (Pretoria-Annlin)